COMMUNITY NEWSPAPER
18 September 2026
GansBerg Nuus/News
PRICE R15.00
321 Uitgawe
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

| | | | |
|---|---|---|---|
| ODM reageer flink op Franskraler se klagte | "Saam groei ons" NAMPO Kaap | Groot teleurstelling | HaS-basaar |

# From Chelsea Gold to Stanford - "Life After Fire" comes home



*Michael Lutzeyer, Siphokazi Jonas, Jenny Malcolm, Jenny Hyde Johnson, Leon Kluge, Tristan Woudberg and Chris Lochner. (Picture: Grootbos Foundation)*

Chelsea Flowers in Stanford 2026 has brought South Africa's award-winning "Life After Fire" exhibit from the 2026 RHS (Royal Horticultural Society) Chelsea Flower Show in London to Stanford. This is the third consecutive year that Stanford in Bloom and Chelsea Flowers in Stanford have been presented. The prestigious opening evening on Friday, 11 September, was a particularly special occasion, with a number of interesting guest speakers sharing their knowledge and insights with visitors.

The Stanford exhibition also includes a selection of works from the Grootbos Florilegium, including new artworks. This is where botanical artist Jenny Hyde-Johnson took centre stage. Jenny became the first South African artist ever to win both the Best Botanical Art Exhibit and Best Botanical Artwork prizes in the same year at the 2026 RHS Botanical Art and Photography Show.

The exhibition was designed by internationally renowned landscape designer and botanist Leon Kluge, with artist and creative gardener Tristan Woudberg at the helm of the team. It was this exhibition that won a Gold Medal as well as "Best Exhibit in the Great Pavilion" at the 2026 RHS Chelsea Flower Show in London. The Stanford presentation is a full-scale re-interpretation of the award-winning exhibition. All proceeds from Chelsea Flowers in Stanford go towards the Grootbos Foundation's conservation and community projects.

**Life after fire**

The inspiration for the display comes from the widespread wildfires that tore through several mountainous areas of the Cape during the 2025/2026 summer season. The theme, "Life After Fire", tells the story of the remarkable ability of Cape fynbos to recover after devastating wildfires - and it is once again the central theme of this year's exhibition. The design incorporates charred protea branches, fresh proteas and other fynbos, indigenous orchids, bulbous plants and a natural stream to portray the cycle of destruction, recovery and new life - all brought together under one roof in Stanford.

*Article follows on page 2*



*Artist Tristan Woudberg and Botanist Leon Kluge.*



*Michael Lutzeyer, founder of Grootbos.*



*Sean Privette with the burned fynbos in the display behind him.*

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




The original Chelsea exhibit incorporated up to 20,000 cut protea stems and thousands of burnt protea branches. A sculptural vortex of charred wood and branches formed a striking part of the design and almost dominated the exhibition. The display also highlights fire ephemerals - plants that emerge from the ground and flower after a fire, some of which may not have been seen for decades. The story is therefore not simply one of destruction, but of recovery, rebirth and hope.

**A botanical treasure**

South Africa is home to an extraordinary wealth of botanical treasures, with the Cape Floristic Region regarded as the crown jewel. It has been described as the world's hottest biodiversity hotspot. Within an area of just under 91,000 square kilometres, the region is home to approximately 9,250 species of flowering plants, around 70% of which are found nowhere else in the world. Fynbos is renowned not only for its remarkable diversity, but also for the extraordinary beauty of many of its wildflowers. Chelsea Flowers, together with Stanford in Bloom, can still be visited until 27 September 2026. It is an exhibition well worth making the effort to visit - a remarkable celebration of fynbos, fire, resilience and new life. (*Pictures: Anita Botha*)





**Hardus Botha**

| OVERSTRAND MUNICIPALITY | OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT | UMASIPALA WASE-OVERSTRAND |
|---|---|---|
| **ERRATUM**<br><br>**ERF 241, 179 MARAIS STREET, FRANSKRAAL, OVERSTRAND MUNICIPAL AREA: APPLICATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS AND DEPARTURE: WRAP PROJECT OFFICE ON BEHALF OF ANNELIZE GERSBACH**<br><br>Notice is hereby given in terms of Section 47 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law) that Municipal Notice 186/2026 dated 11 September 2026 is hereby amended to reflect the correct departure details as detailed below:<br><br>**• relax the eastern lateral building line from 2m to 0m to accommodate the proposed garage and storage area.**<br><br>**The closing date for comment is Friday, 16 October 2026.** | **ERRATUM**<br><br>**ERF 241, MARAISSTRAAT 179, FRANSKRAAL, OVERSTRAND MUNISIPALE AREA: AANSOEK OM OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELAKTEVOORWAARDES EN AFWYKING: WRAP PROJECT OFFICE NAMENS ANNELIZE GERSBACH**<br><br>Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 47 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 (Verordening) dat Munisipale Kennisgewing Nr. 186/2026, gedateer 11 September 2026 hiermee gewysig word ten einde die korrekte afwyking te reflekteer, soos hieronder uiteengesit:<br><br>**• oostelike syboulyn vanaf 2m na 0m te verslap om die voorgestelde motorhuis en stoorarea te akkommodeer.**<br><br>**Die sluitingsdatum vir kommentaar is Vrydag, 16 Oktober 2026.** | **ISAZISO ESILUNGISIWE**<br><br>**ISIZA 241, 179 MARAIS STREET, FRANSKRAAL, OVERSTRAND UMMANDLA KAMASIPALA: ISICELO SOKUSUSWA KWEEMEKO EZITHINTELAYO KWITAYITILE YOBUNINI KUNYE SOKUTENXA NGOKUSISIGXINA: MESSRS WRAP PROJECT OFFICE EGAMENI LE ANNELIZE GERSBACH**<br><br>Isaziso sinikwe apha ngokweCandelo lama-47 loMthetho kaMasipala oLungisiweyo we-Overstrand kuCwangciso lokuSetyenziswa koMhlaba kaMasipala, wowama-2020 (uMthetho kaMasipala) wokuba iSaziso sikaMasipala 186/2026, somhla we-11 EyoMsintsi 2026 Ngolu xwebhu kuyalungiswa ukuze kubonakaliswe iinkcukacha ezichanekileyo zokuhamba njengoko kuchaziwe ngezantsi:<br><br>**• ukunciphisa umda wokwakha osecaleni eliempuma ukusuka kwi-2m ukuya kwi-0m ukuze kulungiselelwe igaraji kunye nendawo yokugcina izinto ecetywayo.**<br><br>**Umhla wokugqibela wokungenisa izimvo nguLwesihlanu, umhla we-16 kweyeDwarha 2026.** |

EW JANTJIES
**Acting Municipal Manager / Waarnemende Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala Obambeleyo**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200
Notice No / Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 195/2026
157718




# ODM reageer flink op Franskraler se klagte


*Die area onder bespreking - Franskraal.*

'n Bekommerde inwoner van Franskraal, Patrys Laubscher, het die *Gans-Berg Nuus* genader oor bosse in 'n bepaalde area wat besig is om hand-uit te ruk. "Ek dink net aan die brandgevaar en dit wat ons met die vorige groot brand deurgemaak het," het sy gesê. Haar versoek was dat 'n berig hieroor geplaas word om die aandag op die probleem te vestig.

Patrys het terselfdertyd ook 'n skrywe aan die Overberg Distriksmunisipaliteit (ODM) gerig waarin sy haar kommer oor die veiligheid van inwoners met die naderende brandseisoen uitgespreek het - 'n skrywe wat dadelik aandag geniet het. "Ek is dankbaar dat die ODM my intussen op 'n positiewe wyse geantwoord het," het Patrys die *Gans-Berg Nuus* meegedeel. "Hulle erken die probleem en het ook nou voorsiening in die begroting gemaak vir die instandhouding van die area."

"Ons waardeer die bekommernis van inwoners rakende openbare veiligheid, veral met die naderende brandseisoen en die verhoogde risiko wat sterk winde en droë toestande kan meebring," lui die ODM se skrywe. "Die aangeleentheid is reeds onder die aandag van die betrokke departemente van die ODM, asook relevante rolspelers, geplaas om as 'n dringende aangeleentheid hanteer te word."

Die ODM het bevestig dat hulle reeds die Overstrand-brandweer in hierdie verband gekontak het. Hulle is tans besig om toepaslike aksies te oorweeg om die brandlas in die gebied so gou as moontlik te verminder. 'n Opvolginspeksie was vir Donderdag 10 September 2026 geskeduleer om die omvang van die werk met 'n kontrakteur te bespreek, ten einde die plantegroei so gou as moontlik te verwyder.

Die inspeksie is uitgevoer, waarna Patrys weer skriftelik deur die ODM in kennis gestel is. Die volgende inligting is aan haar verskaf: "Die brandbaan, met 'n breedte van 8 meter, sal aangebring word soos aangedui deur die geel lyn op die meegaande foto. Spesiale aandag sal geskenk word aan die skoonmaak van die area wat in oranje aangedui is ..." Enkele ander positiewe opmerkings is ook in die skrywe gemaak.

Dit dui daarop dat dit wel baat om op 'n positiewe wyse beswaar oor 'n saak aan te teken of 'n navraag te rig. Nog voordat 'n berig in die media geplaas kon word, is die probleem sinvol aangespreek. Dankie aan die ODM vir die flink reaksie - en aan Patrys wat haar kommer op 'n konstruktiewe wyse onder die aandag van die regte rolspelers gebring het.

**Hardus Botha**












# "Saam groei ons"
# NAMPO Kaap fokus op oplossings vir 'n bedryf onder druk



NAMPO Kaap 2026 het van 9 tot 12 September 2026 by die ikoniese Bredasdorp Park in die Overberg-streek van die Wes-Kaap plaasgevind. NAMPO Kaap word as een van die belangrikste landbou-uitstallings in die Wes-Kaap beskou. Die landbouskou, wat deur Graan SA georganiseer word, is vanjaar onder die tema "*Saam Groei Ons*" ("*Together We Grow*") aangebied. Die geleentheid het meer as 500 maatskappye byeengebring, met die fokus op praktiese, kommersieel relevante landbou-innovasie en die versterking van gesamentlike klimaatveerkragtigheid.

Die tema "*Saam Groei Ons*" is nie bloot 'n bemarkingsleuse van NAMPO nie. Graan SA koppel dit aan die moeilike omstandighede waarin veral wintergraanprodusente tans boer: hoë insetkoste, swakker kommoditeitspryse, finansieringskoste, beleidsonsekerheid en moeilike produksietoestande. Die onlangse onsekerheid rondom die koringtariefbedeling het ook kommer oor die volhoubaarheid van plaaslike koringproduksie verhoog. NAMPO Kaap het vanjaar dus nie net landbouprodukte en -tegnologie uitgestal nie, maar ook 'n bedryf onder druk bymekaargebring om saam na oplossings te soek.





Daar was vanjaar nie lewende beeste, skape en bokke in die Land Bank-veetent vertoon nie - hoofsaaklik teen die agtergrond van bek-en-klouseer (BKS) en die beperkings wat dit op die beweging van vee plaas. Daar was wel 'n uitgebreide pluimveevertoning, werkende skaaphondproewe, demonstrasies deur die Suid-Afrikaanse Lugmag se honde-eenheid en 'n spesiale Boerboel-rassevertoning. Die nuut uitgebreide Vrouetent het fynproewerskos, geloof en musiek gekombineer. Die plaasimplemente, masjinerie, trekkers en dies meer het, met hul moderne tegnologie, behoorlik soos 'maanvoertuie' gelyk - verstommend! Gans-Berg Nuus se personeel wat die skou besoek het, was dit eens dat dit, net soos vorige jare, weer 'n belewenis was, met iets vir elkeen om te sien en te ervaar.
(*Foto's: Gans-Berg Nuus*)

**Hardus Botha**













# Groot teleurstelling: Trans-Agulhas uitgestel tot 2027

“Na deeglike oorweging het Klub Agulhas en Boost die moeilike besluit geneem om die 2026 Trans-Agulhas uit te stel na 2027,” lui 'n mediaverklaring deur die bestuur van die *Agulhas Inflatable Boat Club* (AIBC). “Ons besef dat dit nie die nuus is waarop enige van ons gehoop het nie. Dit is veral vir Klub Agulhas baie moeilik om hierdie boodskap aan die deelnemers, ondersteuners en die breër SAIRA-gemeenskap oor te dra.” Dit is inderdaad slegte nuus vir die groot aantal inwoners van Groter Gansbaai wat jaarliks opgewonde op Uilenkraalsmond se strand saamdrom, in afwagting op die aankoms van die wedvaart-bote.

'n Opname het getoon dat slegs 40 spanne aangedui het dat hulle vanjaar aan die Trans-Agulhas wil deelneem. Die AIBC het verduidelik dat die inskrywingsfooi, met slegs 40 spanne, ongeveer R47 500 per span sou moes beloop om die minimum begroting van ongeveer R1,9 miljoen te dek en al die noodsaaklike uitgawes van die geleentheid te betaal. “Daarbenewens het die potensiële borg wat ons onlangs genader het, aangedui dat die kennisgewingstydperk eenvoudig te kort is,” lui die verklaring voorts. “Om op hierdie stadium aan boord te kom, beteken dat hy in wese 'n volle jaar se moontlike blootstelling verloor, en die moontlikheid dat hierdie borgskap dus sal realiseer, is ongelukkig baie skraal.”

Voorts is die AIBC bekommerd oor die beperkte tyd wat oorbly vir die nodige permitte, goedkeurings, logistiek en ander administratiewe vereistes om 'n Trans-Agulhas van die standaard wat almal ken, te reël. Die aanbieding van die 2026-wedvaart sou dus op 'n goedkoper, afgeskaalde weergawe van die wedvaart neerkom.



Die AIBC is van mening dat die uitstel van die wedvaart hulle die geleentheid bied om betyds aan die 2027 Trans-Agulhas te begin werk. Die spanne, Klub Agulhas en die organiseerders kan dus nou reeds potensiële borge nader voordat maatskappye hul 2027-begrotings finaliseer. Dit gee die bestuur ook die geleentheid vir behoorlike beplanning om weer 'n Trans-Agulhas, waarop almal trots kan wees, aan te bied. Die positiewe nuus is dat hierdie besluit nie die einde van die Trans-Agulhas beteken nie - dit is 'n geleentheid om seker te maak dat 2027 nog groter, sterker en beter sal wees.
(*Argieffoto 2025: Clive Bailey vir Gans-Berg Nuus*)

**Hardus Botha**

# Van motorwerktuigkundige tot knap wynmaker

'Handgemaak in Stanford' - die bekoorlike boetiek-wynlandgoed Welgesind, die eiendom van Chris de Wit, wat ook 'n lid van die Gansbaai Wynproegilde is, is op Saterdag 5 September 2026 deur vier egpare besoek vir 'n ontspanne en informele wynproe. Wat 'n interessante belewenis was dit nie!



***Chris de Wit verduidelik.***

Die egpare was Faan en Elna Havenga, Steve en Margi Muller, Ivan en Elna van Wyk en Hardus en Anita Botha. Met die inry by Welgesind was die netheid en natuurskoon van die wynlandgoed opvallend. Die groep is vriendelik deur Chris in sy pragtige huis, wat bo-op die wynkelder gebou is, ontvang - en sommer dadelik het hy die gaste na sy 'ondergrondse' wynkelder geneem. “Die kelder is eerste gebou en daarna die huis - bo-op die kelder,” het Chris vertel. Faan het dadelik met 'n 'slim' opmerking gereageer: “Duidelik is dié man se prioriteite reg - met die kelder wat eerste gebou is!”

“Ek produseer klassieke landgoedwyne volgens tradisionele metodes, met die hulp en ondersteuning van vriende,” het Chris gesê. “Dit is 'handgemaakte' wyne en die wynname is alles familie-verwant.” Elke bottel het sy eie spesiale etiket met die geskiedenis daarop. Chris het bygevoeg dat hy geen insekdoders vir die wingerde gebruik nie. “Vir my gaan dit oor die goeie versorging en regte voeding van my wingerde.”

Die wyne wat Chris vir proe aangebied het, was: Welgesind Amanda Methode Ancestrale 2026; Welgesind De Wit Sauvignon Blanc 2024; Welgesind Romanse Blanc de Noir 2026; Welgesind Mechanic Shiraz 2022; Welgesind Mechanic Shiraz 2023; en Welgesind Maverick Malbec 2023. Die twee Shiraz-wyne is spesifiek aangebied sodat die besoekers die verskil tussen die twee oesjare kon proe.



***Chris de Wit skink die eerste proewyn.***





Chris het in Hermanus grootgeword en skoolgegaan - met 'n droom om eendag sy eie wynplaas te besit. Sy voormalige beroepslewe staan eintlik lynreg teenoor die maak van wyn. Sy eintlike passie in die lewe is motorwerktuigkunde, motorsport en tydrenne - glo dit of nie! In 2007 het Chris die plaas Welgesind gekoop, met net bosse daarop. Die aanplant van wingerde het later gevolg. Die eerste klein hoeveelheid wyn, 'n Shiraz, het hy in 2013 gemaak en dit “Mechanic” genoem - 'n verwysing na sy groot liefde vir motorwerktuigkunde. Daarna het Chris nog nooit weer teruggekyk nie. Nou ja, van motorwerktuigkundige, motorsport en tydrenne na 'n knap, eiehandige wynmaker - dit wil gedoen wees!

Die besoekers was dit eens: die wynproe-kuier by Chris was 'n besonder gesellige geleentheid - met handgemaakte wyn vanuit die boonste rakke. Omdat die groepie so klein was, was dit eintlik 'n spesiale en intieme kuiertjie, met insiggewende en eiesoortige inligting wat die belewenis van die besoek nog meer besonders gemaak het.

**Hardus Botha**

# 'Onrus op Steynshoop' boei Gansbaai Leeskring

"Ingrid Winterbach se boek, *Onrus op Steynshoop*, het my diep geraak, veral oor die karakters wat met soveel vernuf en deernis uitgebeeld word," vertel Almarie Janse van Vuuren. "Die boek is 'n visuele meesterstuk." Almarie was die aanbieder van die boek tydens 'n Gansbaai Leeskring-byeenkoms op Dinsdag, 8 September 2026.


*Almarie Janse van Vuuren.*

Die skrywer skep 'n verskeidenheid unieke karakters wat na die sin van die lewe soek. Hulle dorpie, Steynshoop, ondergaan groot verandering wanneer die Chinese 'n aanleg oprig waarin 'n unieke kruid vervaardig word. Die gevolg is finansiële groei, maar daarmee saam ook politieke onrus, aangesien slegs sekere groepe by die groei baat vind, asook 'n korrupte dorpsraad. Die onrus strek egter veel verder, namate elke karakter met sy of haar eie verliese worstel. Hulle soek ontvlugting in hul drome, stokperdjies, filosofiese geskrifte, kos, dwelms en ook die Chinese se kruid.

Een van die sentrale karakters is Benna Potgieter, 'n voormalige wonderkind wat sedert sy pa se dood as haarkapper in sy ma se salon werk. Sy lewe word verder omvergegooi wanneer Fonny, sy groot verlore liefde, onverwags na Steynshoop terugkeer. Die landskap, sowel as die karakters, word met groot empatie en deernis uitgebeeld. Daar is geen maklike antwoorde vir die karakters of die leser nie - die leser word uitgedaag om self na te dink oor die onrus in die dorp, maar ook oor die moontlikheid van hoop.

En dan is daar Winterbach se kenmerkende humor. Die roman is tegelyk snaaks, droewig, wrang en oneerbiedig. Juis dié humor en ironie maak die swaar temas - verlies, eensaamheid, politieke en sosiale onrus en mense se pogings om sin van hul lewens te maak - draagliker. Nog 'n opwindende roman in ware Winterbach-trant. Die boek het in 2024 by Human & Rousseau verskyn en is Winterbach se twaalfde roman - dit het ook in 2025 die UJ-prys vir Afrikaans ontvang.

Gansbaai Leeskring, onder leiding van Petro Pretorius, se boekbesprekings sorg telkens vir heerlike boekontspanning vir die lede, ongeag wie die aanbieder is. Vanselfsprekend gaan hierdie gesellige kuiers gepaard met smullekker eetgoed en lekker saamkuier - bravo aan die gasvrouens Ronelle van Tonder en Karin Franken.

**Hardus Botha**



# Five more CapeNature reserves go cashless



Building on the success of its initial rollout, CapeNature will extend its cashless payment system to a further five nature reserves in September 2026, as part of its ongoing commitment to service excellence, sustainability and safety. Following the successful transition to cashless payments at Robberg, Keurbooms, Stony Point, Bird Island and Walker Bay nature reserves earlier this year, CapeNature is expanding the system to reach more visitors across the Western Cape.

The following reserves will adopt the cashless system in this phase:
*Assegaaibosch Nature Reserve, near Stellenbosch;
*Jonkershoek Nature Reserve (gate managed by MTO), near Stellenbosch; *Grootvadersbosch Nature Reserve, near Swellendam; *Kogelberg Nature Reserve, Kleinmond;
*Geelkrans Nature Reserve, Stilbaai.

"The positive response from visitors and staff at our first five reserves has confirmed that going cashless is the right move for CapeNature," said Dr Ashley Naidoo, CEO of CapeNature. "It has made for a more secure and efficient experience at the gate, and we are pleased to extend these benefits to visitors at more of our reserves. We thank our visitors for their continued patience and understanding as we roll this out further."

Visitors are encouraged to pre-book their permits online to avoid disappointment at the gate, as reserve hiking trails have limited permits available each day. For visitors arriving without a booking, Speedpoint devices and QR-code mobile payment options will be available on site.

**Two further phases planned**
The cashless system will next be rolled out to Hottentots Holland, Limietberg, Marloth, Cederberg Wilderness (Algeria and Kliphuis), Rocherpan, Groot Winterhoek and De Mond nature reserves. A final phase will follow in 2027, extending the system to Vrolijkheid, De Hoop, Gamkaberg, Goukamma and Outeniqua nature reserves. Accepted payment methods: Debit and credit cards (Visa, Mastercard and American Express). Mobile payments (scan to pay). Pre-bookings via www.capenature.co.za; Telephone bookings through the CapeNature Contact Centre: 087 087 8250.

**CapeNature General Manager: Advocacy, Petro van Rhyn**

Medical 911

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637



# CLASSIFIEDS

BUY • SELL • FIND • JOBS • SERVICES

028 205 0100





**HAJAT DUA & PROF. KHAN**

EN DIENSTE

- FINANSIËLE PROBLEME
- FAMILIE EN VERHOUDINGS PROBLEME
- VERWYDER SLEGTE GELUK
- EIENDOM EN BESIGHEID
- HOF SAKE EN BESKERMING

HAJAT DUA 072 310 9713 | PROF. KHAN 0848452560

ALLE PENSIONARISSE GRATIS KONSULTASIE



**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal — Ons diens dek die hele Overberg

Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Te Koop**

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



**Maintenance Man**

*Noem dit en ons doen dit!*

Kontak Deon: 076 838 2890

**PUT YOUR ADVERT HERE**

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

Anglo Windows

new for old
we open windows for you

*Average home completed in one day*

Jayson Hitge
082 413 3301
*info@ anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**CNC Sweis & Staal**

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283




DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
060 597 5419
078 307 7783

*Advertise with* **GANS-BERG NEWS**

Your trusted local newspaper in **Gansbaai** and the **Overberg**

REACH LOYAL LOCAL READERS — Get your message in front of an engaged community.
PROMOTE YOUR PRODUCTS & SERVICES — Increase awareness and drive customer interest.
BUILD YOUR BRAND IN THE COMMUNITY — Be seen. Be remembered. Be a part of what.

Support Local. SHOP LOCAL ADVERTISE LOCAL

Connecting businesses with the people who matter most

Book your space today!

Contact Erika 072 499 5211 erika@gansberg.co.za


Gans-Berg

Website Link | Facebook Link | GANSBERGNEWS

028 205 0100
066 225 4280
info@gansberg.co.za

**Disclaimer at quackery advertisements**

Gans-Berg News have not verified whether any of the services or products advertised will have the desired effect or outcome. Readers will note that some of the promised results in the advertisements are extraordinary and may be impossible to achieve. Beware some of the procedures and claims advertised may be dangerous if not exeouted by a qualified medical practitioner. Readers are wared that they should carefully consider and verify the advertiser's credentials. Gans-Berg News do not accept any liability whatsoever in respect of any of the services or goods advertised


# Be Part of our September & December Holiday Guide



Book your advert space!

Contact: Janine 072 931 1431 / Erika 072 499 5211

# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| H | O | R | S | E | R | A | D | I | S | H | T | V | E | G | S | O |
| H | Z | E | G | G | P | L | A | N | T | D | U | C | E | P | L | T |
| F | S | Z | D | K | W | L | C | S | P | G | U | P | I | A | E | I |
| I | E | P | S | D | A | T | E | S | T | T | R | N | Y | G | M | U |
| L | L | A | U | N | S | N | B | Q | T | O | A | A | L | E | O | R |
| O | P | R | B | X | A | V | E | E | U | C | R | Z | P | Y | N | F |
| C | P | S | N | F | B | E | L | C | H | I | U | R | S | E | S | I |
| C | A | N | M | Q | I | G | B | L | T | C | N | E | A | N | S | L |
| O | N | I | S | A | R | G | W | T | C | A | B | C | O | C | M | G |
| R | E | P | M | E | Y | T | S | H | E | U | R | I | E | A | E | U |
| B | T | S | B | A | U | G | I | X | J | V | N | I | N | S | E | R |
| W | M | E | S | P | I | N | R | U | T | O | L | G | N | L | M | J |
| W | C | G | T | W | I | A | J | D | Q | L | O | E | A | E | D | G |
| I | D | A | G | A | B | A | T | U | R | S | F | K | V | Q | S | Q |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 6 | | | | 4 | | 3 | |
| | | | | | | 7 | | |
| 4 | | | 1 | | 3 | | 8 | |
| | | | | | | 4 | | 1 |
| | | 9 | | 1 | | | 6 | |
| | | 2 | 9 | | | 5 | | |
| 1 | | 5 | | | | | | 8 |
| 6 | | | | 3 | 9 | | | |
| | | | | | | 3 | | |

APPLES
BROCCOLI
CARROTS
DATES
EGGPLANT
FIGS
GRAPES
HORSERADISH
JUJUBES
KALE
LEMONS
LETTUCE
MANGOS
NECTARINES
ONIONS
PARSNIPS
QUINCES
RUTABAGA
SPINACH
TURNIPS

## Colour me in....



## ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| F | P | T | M | V | E | T | Y | H | D | L | O | G | I | R | A | M |
| O | E | O | U | Y | D | C | V | H | R | S | Y | K | E | N | X | I |
| X | O | L | I | L | Y | F | I | E | A | G | I | P | P | O | G | M |
| G | N | Y | R | F | U | E | W | T | G | W | S | R | S | I | I | I |
| L | Y | J | U | C | G | O | I | I | A | R | T | P | I | T | E | S |
| O | Q | E | H | L | L | E | N | R | V | T | O | H | A | A | U | B |
| V | K | S | T | F | Y | G | R | W | E | H | S | B | O | N | K | O |
| E | I | O | N | A | E | G | N | A | R | D | Y | H | F | R | H | U |
| A | E | R | A | R | Z | O | W | M | N | Y | N | L | B | A | N | V |
| H | O | L | L | Y | H | O | C | K | S | I | O | E | Z | C | I | A |
| C | D | I | H | C | R | O | Y | I | M | W | U | W | V | J | P | R |
| U | W | H | H | R | I | X | A | R | E | B | N | M | Q | A | G | D |
| L | Y | J | A | B | F | D | M | R | P | N | X | R | C | M | L | I |
| W | F | Y | G | L | Y | G | E | B | V | E | R | O | N | I | C | A |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | 8 | 2 | 5 | 4 | 6 | 9 | 1 | 7 |
| 4 | 9 | 7 | 8 | 3 | 1 | 2 | 5 | 6 |
| 5 | 1 | 6 | 7 | 2 | 9 | 3 | 8 | 4 |
| 7 | 2 | 4 | 1 | 5 | 3 | 8 | 6 | 9 |
| 8 | 3 | 9 | 2 | 6 | 7 | 1 | 4 | 5 |
| 6 | 5 | 1 | 9 | 8 | 4 | 7 | 2 | 3 |
| 9 | 6 | 5 | 3 | 1 | 8 | 4 | 7 | 2 |
| 1 | 4 | 3 | 6 | 7 | 2 | 5 | 9 | 8 |
| 2 | 7 | 8 | 4 | 9 | 5 | 6 | 3 | 1 |

# NEIGHBORHOOD Watches

| AREA | CONTACT | NUMBER |
|---|---|---|
| Franskraal | Jaap Koen | 082 442 2464 |
| Franskraal Afriforum | Robbie Nelson | 083 455 0946 |
| Pearly Beach | Mark Boontjies | 072 282 3616 |
| Pearly Beach Oord | Fred Wesson | 083 654 4616 |
| Strandveld Plaaswag | Stephan Du Mont | 082 642 7358 |
| Kleinbaai | Maryna Basson | 073 439 1979 |
| Uilenkraalsmond | Lionel Kemn | 063 501 5198 |
| Gansbaai | Hugh-Daniel Grobler | 072 352 7776 |
| Perlemoenbaai | Stuart Hayman | 079 250 9081 |
| De Kelders | Nico Groenewald | 073 919 7777 |

LET US COMMUNITY WORK TOGETHER

Gans Berg Nuus/News
028 205 0100 Community Newspaper

# EMERGENCY NUMBERS

028 205 0100 Gans-Berg

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335 0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| Cassie Carstens: | 078 699 6995 |

IN AN EMERGENCY, EVERY SECOND COUNTS.

SAVE THESE NUMBERS. SHARE THEM. STAY SAFE.




# Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Wednesday 16/9/2026 | Thursday 17/9/2026 | Friday 18/9/2026 | Saturday 19/9/2026 | Sunday 20/9/2026 | Monday 21/9/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 16° | 16° | 17° | 18° | 17° | 18° |
| Fresh Breeze 8 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Light Breeze 10 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Strong Breeze 11 m/s from east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from east 0.1 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from east 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 18 September | 0715 | 1929 | 1306 | 0200 |
| 19 September | 0846 | 2124 | 0201 | 1507 |
| 20 September | 1117 | 2341 | 0424 | 1739 |
| 21 September | 1225 | 0039 | 0556 | 1838 |
| 22 September | 1303 | 0117 | 0643 | 1913 |
| 23 September | 1333 | 0149 | 0718 | 1943 |
| 24 September | 1402 | 0200 | 0749 | 2012 |
| 25 September | 0218 | 1430 | 0818 | 2041 |


## Tax Compliance & Administration Services

WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:



- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filling for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filling.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.

Coetzee&Co

A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za

BIZ LEGAL

OVERBERG Labour & Legal Solutions



LABOUR MONTHLY RETAINERS

LEGAL MONTHLY RETAINERS

TAX & ACCOUNTING SERVICES

SOLUTIONS TO HELP YOUR BUSINESS SUCCEED. TOGETHER.

WE OFFER LABOUR, LEGAL, TAX & ACCOUNTING SERVICES ALL UNDER ONE ROOF

LABOUR SERVICES

TAX & ACCOUNTING

LEGAL SERVICES

CONTACT US TO FIND OUT MORE:




# Gansbaai Posduifklub: Beaufort-Wes wedvlug


Louis Groenewald.

Die wedvlug vanaf Beaufort-Wes het op 5 September 2026 plaasgevind - OPE duiwe 2 en Jong duiwe 2. Louis Groenewald het skoonskip gemaak en die eerste plekke in altwee die wedvlugte ingepalm - geluk aan Louis!

**Uitslae:**

*Ope duiwe 2:*
Louis Groenewald - 1, 2, 12; N@N Stevens - 3, 4, 8; C Kruger - 5, 6, 10, 19, 20; J&J Swart - 7, 9, 13, 16, 23, 24, 25; Fourie Lofts - 11, 26;
Germishuys Hokke - 14, 17, 21, 22; Human Loft - 15, 18.

*Jong duiwe 2:*
Louis Groenewald - 1, 12, 19; Germishuys Hokke - 2, 13, 14, 23, 24, 25, 26; Human Loft - 3, 4, 15, 16; J&J Swart - 5, 7, 8, 11, 20, 21, 22; C Kruger - 6, 10, 18; Fourie Lofts - 9, 17.

Vir Posduif-navrae kan Marisca Fourie by 081 458 3878 gekontak word.
(*Foto & uitslae: Marisca Fourie*)

**Hardus Botha**

Contact us to Advertise:
Erika:072 499 5211
erika@gansberg.co.za

# Gansbaai Gholfklub - Marietjie klop die manne in Stableford

Marietjie de Villiers wen die Enkel Stableford kompetisie van Saterdag, 12 September 2026, met Theunis van Schoor wat Woensdag, 9 September 2026 se Sloegters Enkel Stableford in palm.

**Woensdag, 9 September:**
Theunis van Schoor wen die Sloegters Enkel Stableford kompetisie met 43 punte, gevolg deur Rene Myburgh 39, Barry Fourie 36, Hugo Groenewald 35, Peet Pretorius 34, Marietjie de Villiers 34, Dirk van Dyk 34, Clive Bailey 32, Johan Coetzee 32 en Marie Fourie 31.
Naaste aan die pen: No 15, (rooi) Clive Bailey.
Spog Twee's: Johan Coetzee No 8 en Clive Bailey No 11.

**Vrydag, 11 September:**
Callie Lourens wen die 9-putjie Enkel Stableford kompetisie met 20 punte, gevolg deur Jacques Louw 17, Jacobus Bothma 14 en Sakkie van der Merwe 10.

**Saterdag, 12 September:**
Marietjie de Villiers wen die Enkel Stableford kompetisie met 41 punte, gevolg deur Clive Bailey 38, Johan Coetzee 37, Anton Jordaan 36, Jacques Louw 34, Bev Swart 34, Rene Myburgh 33, Leon Lombaard 33, Theunis van Schoor 32 en Cecil Galloway 20.
Spog Twee: Bev Swart No 11.

**Saterdag, 19 September:**
Kompetisie is 'n 4BBB Stableford.

**Verjaarsdae:**
Edmund Halse (19de) en Jaco Nel (23ste).


Callie Lourens.


Marietjie de Villiers.


Theunis van Schoor.

Die **Beeskraal Ope Gholfdag** sal op Saterdag, 3 Oktober 2026 plaasvind. Kom en geniet die Borgdag met alle Tollies (28-50jr), Bulle (51-69), Osse (70-90) en Koeitjies (20-90) - dit kan net groot pret afgee!
Besprekings is noodsaaklik: 082 691 5148.

Die **Steakaand** is op 3 Oktober, na die kompetsie - bespreek vroegtydig..

Groete,
**Johan Coetzee 082 878 0534**

Have a story YOU WANT TO SHARE:
Hardus: 082 786 0494
Email: info2@gansberg.co.za

# 1 000 pasteie, pannekoeke en hope pret - HaS-basaar wink!

Herberg aan See Tehuis vir Bejaardes (HaS) se gewilde basaar is om die draai - en dié is beslis 'n basaar wat jy nie wil misloop nie!

Maak gereed vir 'n fees van geure, geure en nogmaals geure: gebak in oorvloed - van groot en klein koekies tot melktert en varsgebakte brode; 1 000 pasteie - wild én hoender; basaarpoedings vir elke smaak; en potjiekos met afval, perlemoen en breyani op die spyskaart. En natuurlik is daar pannekoeke sonder grense - en sommer baie, baie meer!

Vir die kinders wag daar hope pret, terwyl talle stalletjies en ander basaarbederfies sorg dat daar vir oud en jonk iets te geniet is.

Maar die belangrikste vraag is: Wie baat daarby? Die antwoord is eenvoudig: die inwoners van HaS! Kom kuier, kom koop, kom eet en kom geniet die basaar - en help terselfdertyd om 'n verskil in die lewens van HaS se inwoners te maak.

**Hardus Botha**





## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### ERF 231, 45 PARK STREET, GANSBAAI, OVERSTRAND MUNICIPAL AREA: APPLICATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS, DEPARTURE AND DETERMINATION OF AN ADMINISTRATIVE PENALTY: WRAP PROJECT OFFICE ON BEHALF OF HJ AND ME TALJAARD

Notice is hereby given in terms of Sections 47 and 48 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law) of the following applications applicable to Erf 231, Gansbaai namely:

**Removal of restrictive title deed conditions**
Application in terms of Section 16(2)(f) of the By-Law for the removal of restrictive title deed condition C.(b) and C.(d) as contained in Title Deed T66551/1992.

**Departures**
Application in terms of Section 16(2)(b) of the By-Law in order to:
- relax the rear building line from 2m to 0.95m to accommodate the existing covered stoep;
- relax the eastern lateral building line from 2m to 1.25m to accommodate the existing braai and TV room, and
- relax the street building line from 4m to 3.6m to accommodate the existing covered entrance.

**Determination of an administrative penalty**
Application in terms of Section 16(2)(q) of the By-Law to legalise the existing structures.

Full details regarding the proposals above are available for inspection during weekdays between 08:00 and 16:30 at the Division: Town and Spatial Planning, 16 Paterson Street, Hermanus, Gansbaai Library, Main Road, Gansbaai and on the municipal webpage at the following link https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Any comments must be in writing and reach the Municipality (16 Paterson Street, Hermanus / (e) landuse@overstrand.gov.za) on or before **23 October 2026**, with your name, address, contact details, interest in the application and the reasons for comment. Telephonic inquiries can be made to the **Principal Town Planner, Mr. SW van der Merwe** at 028 313 8900. The Municipality may refuse to accept comments after the closing date. Any person who cannot read or write can visit the Division: Town and Spatial Planning where they will be assisted by a municipal official in formulating their comments.

*Please note that in terms of the Protection of Personal Information Act (POPIA), you will be entering into a public process and as such agree and consent to your name, surname, contact details and comment(s) may be disclosed / used in the (application) process.*

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### ERF 231, PARKSTRAAT 45, GANSBAAI, OVERSTRAND MUNISIPALE AREA: AANSOEK OM OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELAKTEVOORWAARDES, AFWYKING EN BEPALING VAN 'N ADMINISTRATIEWE BOETE: WRAP PROJECT OFFICE NAMENS HJ EN ME TALJAARD

Kragtens Artikels 47 en 48 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening vir Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 (Verordening) word hiermee kennis gegee van die volgende aansoeke van toepassing op Erf 231, Gansbaai naamlik:

**Opheffing van beperkende titelaktevoorwaardes**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(f) van die Verordening vir die opheffing van beperkende titelaktevoorwaardes C.(b) en C.(d) soos vervat in Titelakte T66551/1992.

**Afwyking**
Aansoek in gevolge Artikel 16(2)(b) van die Verordening ten einde die:
- agterterboulyn vanaf 2m na 0.95m te verslap om die bestaande onderdak stoep te akkommodeer;
- oostelike syboulyn vanaf 2m na 1.25m te verslap om die bestaande braai en TV kamer te akkommodeer, en
- straatboulyn vanaf 4m na 3.6m te verslap om die bestaande onderdak ingang te akkommodeer.

**Bepaling van 'n administratiewe boete**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(q) van die Verordening om bestaande strukture te wettig;

Besonderhede aangaande die voorstel lê ter insae gedurende weeksdae tussen 08:00 en 16:30 by die Afdeling: Stads- en Streekbeplanning te Patersonstraat 16, Hermanus, Gansbaai Biblioteek, Hoofweg, Gansbaai en op die munisipale webtuiste by die volgende skakel https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Enige kommentaar moet skriftelik wees en die Munisipaliteit (Patersonstraat 16, Hermanus / (e) landuse@overstrand.gov.za) voor of op **23 Oktober 2026**, met u naam, adres, kontak besonderhede, belang in die aansoek en die redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die **Hoofstadsbeplanner, Mr. SW van der Merwe** by 028 313 8900. Die Munisipaliteit mag weier om kommentare te aanvaar na die sluitingsdatum. Enige persoon wat nie kan lees of skryf nie kan die Afdeling: Stads- en Streekbeplanning besoek waar hul deur 'n munisipale amptenaar bygestaan sal word ten einde hul kommentaar te formuleer.

*U aandag word gevestig op die Bepalinge van die "POPI" Wet, en aangesien u opmerking deel sal uitmaak van 'n openbare deelname proses, u derhalwe toestem dat u naam, van, kontakbesonderhede en kommentaar(e) openbaar gemaak mag word.*

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### ISIZA 231, 45 PARK STREET, GANSBAAI, OVERSTRAND UMMANDLA KAMASIPALA: ISICELO SOKUSUSWA KWEEMEKO EZITHINTELAYO KWITAYITILE YOBUNINI, SOKUTENXA NGOKUSISIGXINA KUNYE NOKUMISELWA KWESOHLWAYO SOLAWULO: MESSRS WRAP PROJECT OFFICE EGAMENI LE T HJ KUNYE ME TALJAARD

Isaziso siyanikezelwa ngokweCandelo lama-47 nelama-48 loMthetho kaMasipala oLungisiweyo kaMasipala waseOverstrand kuCwangciso lokuSetyenziswa koMhlaba kaMasipala, ka-2020 (uMthetho kaMasipala) izicelo esebenzayo kwiSiza-231, eGansbaai , esizezi:

**Sokususwa kweemeko ezithintelayo kwitayitile yobunini**
Isicelo ngokweCandelo le-16 (2)(f) loMthetho kaMasipala wokususwa kwemiqathango yetayitile ethintelayo C.(b) kunye C.(d) njengoko kuqulethwe kwiSiqendu seSihlokwana T66551/1992.

**Ukutenxa**
- ukunciphisa umda wokwakha ongasemva ukusuka kwi-2m ukuya kwi-0.95m ukuze kuhlaliswe ivaranda egqunyiweyo ekhoyo;
- ukunciphisa umda wokwakha osecaleni kwempuma ukusuka kwi-2m ukuya kwi-1.25m ukuze kuhlaliswe indawo yokosa inyama (i-braai) kunye negumbi le-TV elikhoyo; kunye
- nokunciphisa umda wokwakha ojongene nesitalato ukusuka kwi-4m ukuya kwi-3.6m ukuze kuhlaliswe indawo yokungena egqunyiweyo ekhoyo.

**Ukumiselwa kwesohlwayo solawulo**
Isicelo ngokweCandelo lama-90(5) loMthetho kaMasipala ukwamkela izakhiwo ezikhoyo.

Iinkcukacha ezipheleleyo malunga neziphakamiso ezingentla ziyafumaneka ukuze zihlolwe ngeentsuku zeveki phakathi kwentsimbi yesi-08:00 neye-16:30 kwiCandelo: loCwangciso lweDolophu noMhlaba (Division: Town and Spatial Planning), 16 Paterson Street, eHermanus; kwiThala leeNcwadi laseGansbaai, eMain Road, eGansbaai; kunye nakwiwebhusayithi kamasipala kwikhonkco elilandelayo https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Naziphi na izimvo mazibhalwe phantsi kwaye zifike kuMasipala (16 Paterson Street, Hermanus / (e) landuse@overstrand.gov.za) ngomhla okanye ngaphambi koko **23 EyeDwarha 2026**, kunye negama lakho, idilesi, iinkcukacha zoqhagamshelwano, umdla kwisicelo kunye nezizathu zokuphawula. Imibuzo ngomnxeba ingenziwa **UMcwangcisi weDolophu oyiNqununu, uMnu SW van der Merwe** kule nombolo 028 313 8900. UMasipala unokwala ukwamkela izimvo emva komhla wokuvala. Nabani na ongakwaziyo ukufunda okanye ukubhala angandwendwela iCandelo: loCwangciso lweDolophu noMhlaba apho aya kuthi ancediswe ligosa likamasipala ekuqulunqeni izimvo zabo.

*Nceda uqaphele ukuba ngokoMthetho woKhuseleko lweNgcaciso loLwazi loBuqu (POPIA), uya kuba ungena kwinkqubo kawonke-wonke kwaye uvuma ukuba igama lakho, ifani, iinkcukacha zoqhagamshelwano kunye nezimvo zingabhengezwa / zisetyenziswe kwi (isicelo) inkqubo.*

EW JANTJIES
**Acting Municipal Manager / Waarnemende Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala Obambeleyo**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 194/2026


157706

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

Put your advert here
Contact us:
028 205 0100

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps.
We offer an on-site service

028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za



## Galjoenkompetisie om die draai

Die jaarlikse en gewilde Galjoenkompetisie van die NG-gemeente, onder leiding van Riaan Booysen, is om die draai en vind op 26 September 2026 by die Birkenhead Boothengelklub in Gansbaai-hawe plaas.

"Ons beplanning is goed op dreef, maar ons benodig borge vir ons kinderspanne wat nie die inskrywingsgeld kan bekostig nie," het Riaan gesê. "Daar is reeds agt kinderspanne, met vier spanlede elk, wat ingeskryf het, en hierdie jongmense is baie opgewonde om te kan deelneem."

Die kompetisie is vir 'n goeie doel: die inkomste is ten bate van Herberg-aan-See Tehuis vir Bejaardes, asook ander liefdadigheidsprojekte.

Belangstellendes kan individueel of per span inskryf, met vier lede per span. Die pryse wat gewen kan word, is ook nie te versmaai nie. Meer inligting, veral oor borgskappe vir die kinderspanne, kan by Riaan Booysen by 074 203 6658 verkry word, of stuur 'n e-pos aan hom by riaanbooysen@webmail.co.za.

**Hardus Botha**

## Gansbaai Posduifklub: Bloemhof- en Modderrivier wedvlugte

Die naweek van 12-13 September 2026 was daar net twee OPE-wedvlugte, maar van verskillende plekke af - Bloemhof en Modderrivier.

**Uitslae:**

*Bloemhof OPE:*
Fourie Lofts - 1, 3, 18, 19, 23; Human Loft - 2; Louis Groenewald - 4, 11, 13, 15; J&J Swart - 5, 6, 7, 8, 9, 20, 22, 24, 25, 26; N&N Stevens - 10; Germishuys Hokke - 12, 14, 16, 17, 21.

*Modderrivier OPE:*
N&N Stevens - 1, 6, 8, 11, 16, 21; Louis Groenewald - 2, 4, 7, 10, 24, 25; Germishuys Hokke - 3, 13, 15, 17, 19, 23; Fourie Lofts - 5; J&J Swart - 9, 14, 18, 20, 26; Human Loft - 12, 22.

Vir Posduif-navrae kan Marisca Fourie by 081 458 3878 gekontak word. (*Foto & uitslae: Marisca Fourie*)

**Hardus Botha**

## LSG stap 120 jaar tegemoet

As deel van Laerskool Gansbaai (LSG) se 120-jarige feesvieringe het 'n 'massa-optog' - gelukkig vreedsaam! - op 4 September 2026 plaasgevind. Leerders, onderwysers, ouers en vriende het vanaf die skoolingang in die rigting van Gansbaai Superspar gestap, met Hoofstraat langs en daarna via Frankenstraat terug skool toe. Wat 'n kleurvolle staptog was dit nie - met onder meer 'n pragtige vlot wat tot die feesatmosfeer bygedra het!

**Hardus Botha**






Die Vis Fabriek
FROZEN FOODS
This Weeks Specials
OFFER VALID FROM 16 - 20 SEPTEMBER 2026.
WHILE STOCKS LAST.
SPECIALS AVAILABLE AT ALL STORES
Find us on Facebook
T&C's Apply - The picture of the product in the advertisement may differ to the one instore.



1KG CHICKEN NUGGETS R59.99 ea
5KG SUPREME CHICKEN THIGHS R183.99 ea
10KG CHICKEN LEG ¼ R425.00 ea
2.5KG VIS FABRIEK CHIPS R56.75 ea
5KG SUPREME CHICKEN LEG ¼ R197.99 ea
1.5KG CHICKEN'TIZERS CRUMBED DRUMSTICKS. R99.99 ea
1KG CHICKEN NECKS R11.99 ea
700G BRAAI SNOEK+GARLIC ROLL + LEMON JUICE COMBO R86.99 SAVE R25.00